

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Augustus 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 145:1, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 150:1, 3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 130:2, 3 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Gebed

Psalm 33:6, 11 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Skriflesing: Daniël 2:26-49

Kernverse: Daniël 2:34-35

**U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak
wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyn-
gestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer**

en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het. (Daniël 2:34-35 AFR53)

Tema: God se koninkryk is die enigste, ewige koninkryk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons in die prediking skrams na ons eie koninkrykies verwys toe ons van mense met 'n diktatoragtige houding gepraat het. Ek wil dit waag om te sê dat alle mense maar op die een of ander manier 'n eie koninkryk oprig. Met ons eie koninkrykie bedoel ons daardie deel in ons lewe waarvoor niemand iets vir ons moet sê nie, want ons is alleen baas daar. En ons doen alles in ons vermoë om daar-die koninkrykie te behou en te handhaaf. Dit is naderhand so erg dat ons selfs nie eens meer na die Here wil luister wanneer dit oor daardie deeltjie van ons lewe gaan nie.

Menslike koninkryke is van verbygaande aard. Hulle kan nie vir ewig bly bestaan nie. Daar is net een koninkryk wat vir ewig bestaan, en dit is die koninkryk van God. Die begrip *koninkryk van God* bestaan uit drie sake. Wanneer ons hierdie drie sake gehoor het, behoort ons beter te verstaan wat die koninkryk van God is. Die eerste saak wat ons opmerk is dat God Koning is in sy koninkryk. Sy woord is wet in sy koninkryk, want Hy regeer as Koning. Die tweede saak wat ons opmerk is dat God nie van ver af sy koninkryk regeer nie. Hy doen dit persoonlik deur sy Gees en Woord. En die derde saak is dat sy koninkryk nie 'n land is nie – dis mense. Mense wat God as hulle Koning erken en hulle laat lei deur sy Gees en Woord is die koninkryk van God.

Nebukadnesar was hewig ontsteld oor die droom wat hy gehad het. Toe hy die aand gaan slaap, het hy nagedink oor sy koningskap. Hy was waarskynlik heeltemal tevrede met wat hy al as koning van Babilonië bereik het. Hy was toe die magtigste koning op aarde. Hy het immers elke ander koninkryk in die destyds bekende wêreld aan hom onderwerp. Elke ander koninkryk moes aan hom belasting betaal, want die konings van daardie koninkryke was soos poppe aan toutjies en Nebukadnesar het die toutjies getrek. En die konings wat dit gewaag het om hulleself van Nebukadnesar vry te maak, is doodeenvoudig met militêre mag oorrumpel.

Nebukadnesar het egter nie net selftevrede oor sy koningskap en koninkryk nagedink nie. Om 'n koninkryk soos syne te bekom is relatief maklik, maar om dit te behou is heeltemal 'n ander storie. Daarom het hy ook oor die toekoms van sy koninkryk nagedink. In daardie nag het die Here in 'n droom aan hom bekend gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. In die droom het hy indrukwekkende dinge gesien maar ook ontstellende dinge – dinge wat hy nie kon verstaan nie. Dit was hierdie onvermoë van Nebukadnesar en sy geleerdes om te verstaan wat gemaak het dat hy onveilig en onseker gevoel het. Hierdie gevoel van onsekerheid het daartoe gelei dat hy onredelik en onverbiddelik geraak het – so erg dat hy al sy raadgewers, ook vir Daniël en sy vriende, wou laat doodmaak het.

Daniël het nie self die droom of die uitleg geken nie. Maar as dienskneg van die God in die hemel het hy, gelei deur die Heilige Gees, as getuie van God se almag opgetree as profeet. Die Here het Daniël en sy vriende se gebede beantwoord deur in 'n visioen aan Daniël die droom en sy uitleg te gee.

Elkeen van die dele van die groot en indrukwekkende beeld het uit 'n ander soort metaal bestaan. En elkeen van die metale het 'n ander koninkryk voorgestel. Nebukadnesar en sy

koninkryk was die kop van goud. Die God in die hemel het aan Nebukadnesar die heerskappy gegee om oor die hele wêreld te regeer. Na Nebukadnesar se koninkryk sal daar 'n koninkryk kom wat voorgestel word deur die bors en arms wat van silwer gemaak is. Met die silwer maak die Here bekend dat hierdie tweede koninkryk nie so belangrik sal wees soos Nebukadnesar se koninkryk nie. 'n Derde koninkryk sal volg wat voorgestel word deur die brons heupe en maag. Hierdie koninkryk is nog minder belangrik as die tweede een. Daarop volg 'n vierde koninkryk, die bene van yster, wat alle ander koninkryke fynstamp en vergruis. Die vyfde koninkryk is die voete en tone van die beeld wat deels van yster en deels van klei gemaak is. Dit is 'n verdeelde koninkryk wat gedeeltelik sterk en tegelykertyd gedeeltelik swak is.

Die beeld as teken van die mensdom se vernuf en vermoëns is inderdaad indrukwekkend, geliefdes. Bekyk 'n mens die beeld van bo af, staan jy verwonderd oor alles wat die mens al reggekry het. En wanneer 'n mens tot aan die onderkant van die beeld kom en die mengsel van yster en klei in die voete van die beeld sien, gaan die verwondering oor in vrae en ontsteltenis. Alhoewel menslike vermoëns op die oog af indrukwekkend en sterk is, is dit innerlik eintlik baie onstabiel. Hierdie beeld van menslike vernuf en vermoëns durf nie 'n sentimeter geskuif word nie. Maar dit is nie hierdie innerlike swakheid wat tot die val van die beeld gelei het nie. Die val van die menslike vernuf en vermoëns, die tot niet gaan van menslike koninkryke is baie meer dramaties as maar net 'n inmeekaarstort weens die swakheid wat daarin teenwoordig is.

Buiten die kop van goud wat met die koninkryk van die Babiloniërs verbind is, het Daniël nie een van die daaropvolgende koninkryke by name genoem nie. Die Here het in die uitleg alleen bekend gemaak dat daar vier verskillende en uitstaande menslike koninkryke hulle gang sal gaan totdat die koninkryk van God in al sy mag deurbreek in die wêreld van die mensdom in. Die tyd vir die koninkryk van Nebukadnesar is ook relatief kort. Tog sou dit sy volle loop neem in die gang van die geskiedenis om die wêreld te vorm en plek te maak vir die daaropvolgende koninkryke, elkeen indrukwekkend op sy eie manier. Maar die ont-wikkeling van menslike vermoëns sal uiteindelik, hoe groots en indrukwekkend dit ook al mag wees, blyk op voete van klei te staan. Dit is voete wat hierdie massiewe struktuur net nie langer sal kan dra nie. Maar tog maak die Here dit twee maal baie duidelik; dit is nie oor die voete van klei dat die beeld van menslike vernuf inmeekaarstort nie. Dit is omdat hierdie menslike vermoëns in die pad staan van die voortgang van 'n ander koninkryk wat die hele toekoms moet vol maak.

Broers, susters en kinders, in ons wêreld kan hierdie beeld van menslike vermoëns en vernuf die slegste in die beste van bykans enigiets in die politieke en kulturele wêreld voorstel. Hierdie beeld kan 'n voorstelling wees van menslike magte in die verlede soos die heerskappy van die Grieke in die dae van Alexander die Grote, die heerskappy van die Romeinse Ryk, die Ryk van Napoleon, die Britse imperialisme of Hitler se Derde Ryk. Al hierdie heerskappy van mense was nie net sleg nie, maar in wese het hulle op die een of ander manier in 'n meerdere of 'n mindere mate in die pad gestaan van die voortgang van die ewige koninkryk van God. Natuurlik is hierdie beeld en die uitleg van die droom ook 'n waarskuwing vir die hedendaagse politiek. Die Amerikaanse kapitalisme het reeds in duie begin stort. Van die Russiese kommunisme het nog kafdeeltjies oorgebly. En die nuwe wêreldmoondheid wat na vore tree, China, word ook met hierdie droom en sy uitleg gewaarsku.

Die beeld in Nebukadnesar se droom en die uitleg daarvan is 'n voorstelling van enige denkrigting en menslike struktuur wat geneig is om homself af te sluit van die lewende beïnvloeding van die Gees van Christus. Maar dit is ongelukkig nie net die groot, wêreld-

bekende mense wat nie altyd na die Heilige Gees se roepstem wil luister nie. Hoe staan dit in ons eie huislike lewens, geliefdes? Is Jesus Christus Koning in my en in jou huis en luister ons na die leiding van die Heilige Gees uit die Woord van die Here wanneer ons in argumente met mekaar betrokke raak? Of is dit wat ek in my huis doen en teenoor my huweliksmaat en kinders my saak en niemand het iets daarvoor te sê nie? Is Jesus Christus Koning oor my en jou beursie, ons besigheid en in ons gemeente? Of het ons onself op die troon in watter deel van ons lewe ook al gaan neerplak en weier ons dat enigiemand, selfs die Here, ons voorsê oor hoe ons moet optree? En in die tussentyd vreet onsekerheid en onveiligheid oor ons voortbestaan soos 'n stuk kanker aan ons, want ons vind geen bevrediging in wat ons doen en hoe ons self ons sake bestuur nie. Hierdie beeld in Nebukadnesar se droom en die uitleg daarvan is ook 'n waarskuwing vir my en jou.

In sy droom het Nebukadnesar 'n klip gesien wat losgebreek het sonder dat 'n hand daaraan geraak het. Die klip het die beeld teen sy voete getref en dit verpletter. Die ganse beeld is van kop tot tone fyngestamp deur die klip sodat alles soos kaf geword het wat in die oestyd deur die wind weggewaai word. Daar het geen spoor van die beeld oorgebly nie. En die klip het 'n rots geword wat die hele aarde bedek het.

Geliefdes, daar kan by ons geen twyfel wees oor die betekenis van hierdie klip wat 'n rots geword het nie. Dit is Jesus Christus en sy koninkryk. Sonder die aandrang van 'n mens het Hy en sy koninkryk in ons mensewêreld ingebreek. Ons God, die Vader, Seun en Heilige Gees. het alleen besluit dat die Seun die mens Jesus Christus moet word en tussen mense moet kom woon en werk. In Jesus Christus het die ewige koninkryk van God in ons wêreld deurbreek. Jesus Christus se koms het die verloop van die geskiedenis geheel en al kom verander. Hy het die seggenskap van sy Vader in die wêreld en in die lewens van mense kom vestig. Deur sy dood en opstanding het Hy alle mag in die hemel en op aarde gekry om sy Vader se koninkryk hier op aarde te vestig. En Hy doen dit deur sy Gees en Woord.

Met die Woord bring die Heilige Gees 'n omwenteling in mense se lewens. Die Heilige Gees dring deur tot in die binneste dele van die mens en maak die geslote hart van die mens

oop. Dit wat hard is, maak Hy sag en Hy stort nuwe eienskappe daarin. Wat sleg is, maak Hy goed, wat onwillig is, gewillig, en wat ongehoorsaam is, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil van die mens sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke dra.

Dit doen Christus, nie met geweld nie, maar persoonlik met elke mens wat deur sy Vader aan Hom gegee is. Dit wat in die pad van God se koninkryk in die mens se lewe gestaan het, word uit die weg geruim. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees raak die mens wat tot geloof gekom het self ontslae van die dinge in sy en haar lewe wat nie pas by 'n kind van God nie. Waar daar so 'n groot omwenteling in 'n mens se lewe gekom het, kom daar ook 'n omwenteling in die omgewing van daardie mens. Ander mense begin anders van so 'n mens dink. Die dinge van vroeër is nou weg. Vir baie mense is dit 'n groot blydskap wanneer iemand tot geloof kom, maar vir nog baie meer ander mense is dit ontstellend, want die ryk van die Satan is in daardie mens se lewe verpletter.

Geliefdes, as ons terugkyk op die geskiedenis van die mensdom dan sien ons juis dit raak wat Nebukadnesar in sy droom gesien het. Elke menslike koninkryk wat in die pad van die voortgang van God se koninkryk gestaan het, is verpletter. Van die Griekse Ryk van Alexander die Grote, die magtige Romeinse Ryk, die Britse imperialisme en Hitler se Derde Ryk is daar vandag niks oor nie. Hulle het almal soos kaf geword wat deur die wind

weg-gewaai is. Die Westerse kapitalisme is in sy fundamente geskud en steier op voete van klei. Daar is niks – niks wat in ons oë groot en indrukwekkend is – wat in die pad van God se koninkryk kan bly staan nie. Dit is nie die morele, sosiale en ekonomiese swak plekke in die wêreldgeskiedenis wat groot omwentelinge in die geskiedenis van die mensdom veroorsaak nie; dit is die koms van Christus se koninkryk wat onkeerbaar op die aarde gevestig word en die ommekeer veroorsaak.

Dadelik sal 'n mens wil sê: Maar elke menslike stelsel en vernuf maak tog net plek vir 'n volgende een wat baie keer net slegter is as die vorige een. Dan vra 'n mens: Breek die koninkryk van God dan regtig in ons wêreld deur? Dit is hoe dit nou vir ons lyk, broers, sus-ters en kinders, want die mens wat hom nie aan die heerskappy van die Here wil oorgee nie, sal altyd in opstand kom teen die God in die hemel. As die Here die een menslike struktuur afbreek, bou die opstandige mens net 'n groter struktuur wat in sy oë sterker is as die vorige een. Maar op die ou end staan alle menslike vermoë en vernuf op voete van klei. En wat sê die Here hier in Nebukadnesar se droom? Alle menslike vernuf en vermoë wat in die pad van God se koninkryk staan, hoe groot en hoe indrukwekkend dit ook al mag lyk, sal fyngestamp word. Alles wat nie in die koninkryk van God mag wees of daarin opgeneem kan word nie, sal einde ten laaste soos kaf wees – nutteloos en weggewaai deur die wind.

Geliefde broer, suster en kind, het dit nie haas tyd geword dat ons ophou om baas te probeer wees en koning te probeer speel oor watter deel van ons lewe ook al nie? Ons eie koninkrykies, hoe indrukwekkend en sterk hulle ook al vir ons mag lyk, staan in werklikheid op voete van klei. Onsekerheid oor die voortbestaan van ons koninkrykies vreet aan ons sodat ons soms die onnoselste dinge aanvang, want ons wil ons eie koninkrykies handhaaf. Maar niks sal staande kan bly en die koms van God se koninkryk vir altyd kan weerstaan nie. Hy sal sy koninkryk ten volle op sy aarde vestig en dit wat in my en jou lewe nie inpas by sy koninkryk of daarin opgeneem kan word nie, sal weggevee word.

God se koninkryk sal nooit vernietig word nie. Niks sal dit ooit kan bedreig of vervang nie, want Hy sal elke ander koninkryk wat nie aan Hom onderwerp is nie, plattrap en vernietig. Geliefdes, ons ken die ewige Koning in God se koninkryk. Dit is Hy wat sy lewe vir ons aan die kruis gegee het. Hy beoog vir ons net die beste – 'n ewige lewe in die heerlike teenwoordigheid van sy liefdevolle Vader. Kom ons onderwerp ons aan sy heerskappy wat nie hard en onpersoonlik is nie maar vol genade en liefde.

Amen!

Slotgebed

Psalm 68:1, 9 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Augustus 2016